# *tippet 100*

**Ek moet 'n paspoortfoto laat neem – met baie voorskrifte van grootte, kleur, "mag nie glimlag nie", "oë duidelik agter die bril sigbaar" – alles sodat hulle kan weet wie ek is – of so dink hulle...**

**Maar ek is eintlik baie méér as net hierdie foto. Ek is vriendelik, pret en betroubaar. Ek lag graag en dink en wonder oor baie dinge. Ek werk hard, hou van goeie koffie en oefen graag. Ek skenk bloed, is gelukkig getroud en het 'n wonderlike gesin. Ek leer graag by ander wat méér weet as ek.**

**Die foto vertel nie alles nie. Dit kan nie.**

**Francois Retief**

**30 April 2018**